# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-mail: admin@lydlaer.co.za
Posbus/P.O Box 5
Lydenburg 1120

Omsendbrief 5 van 2020

06 Februarie 2020

Geagte Ouers

1. **DAGROOSTER: 17 - 21 Februarie 2020**
   Maandag - Dag 6
   Dinsdag - Dag 1
   Woensdag - Dag 2
   Donderdag - Dag 3
   Vrydag - Dag 4

2. **SKOOLTYE**
   **Daar sal geen skool wees op Maandag, 24 Februarie agv die Distrikte Atletiekbyeenkoms**

   Die skool sluit **elke Vrydag om 13:00** vir al die leerlinge. **Akademiese tyd is elke periode kosbaar. Skool begin reeds 7:25 en ons doen 'n dringende beroep op ouers dat die leerlinge stiptelik sal wees en nie laat opdaag in klasse nie.**

3. **ATLETIEK**
   Deelnemers sal briefies ontvang.

| DATUM | BYEENKOMS | PLEK |
|---|---|---|
| 15 Februarie | Interlaer - 7 Skole | Barberton |
| 24 Februarie | Distrikte | Laerskool Lydenburg |

4. **TENNIS**
   Baie sterkte aan die spanne wat Woensdag, 19 Februarie wedstryde speel.
   Betrokke leerlinge sal briewe ontvang.

5. **LEIERS 2020 – GEMEENSKAPSPROJEKTE**
   Die leiers doen 'n beroep op die **graad 6 & 7 leerlinge** om 'n bydrae te maak vir die Rusoord Ouetehuis. Hulle wil graag so veel as moontlik blikkies kos insamel. Handig asseblief die blikkies kos in by die klasonderwysers.

6. **VALENTYNSOKKIE**
   Die week word afgesluit met 'n Valentynsokkie op Donderdag, 13 Februarie vanaf 18:00 tot 21:00 in die skoolsaal. Slegs Graad 4 – 7 leerlinge van Laerskool Lydenburg mag die sokkie bywoon. Kostes beloop R20-00 per persoon en is betaalbaar by die deur. Verversings sal te koop wees. Die tema is "All you need is love" . Kom geniet die aand saam met ons.

6. **FOTO'S – 25 FEBRUARIE 2020**

Die koste per pakket beloop R100 en sluit in 1 Jumbo foto, A4 vergroting, 4 id's, boekmerk en 'n klasfoto. Die kostes vir slegs 'n klasfoto beloop R50. Alle bestellings moet met kontant vergesel word, **geen betaling geen foto's nie! Betalings kan slegs by die kantoor betaal word (Retha) en geen internetbetalings word aanvaar vir die foto's nie!** Geen bestelvorms word uitgedeel nie, u kwitansie word as bewys van bestelling aanvaar. **DIE BESTELLINGS SLUIT OP VRYDAG, 20 MAART.**

**FAMILIEFOTO'S**

Familiefoto's is beskikbaar teen R100.00. Dit word slegs op Dinsdag, 25 Februarie **NA SKOOL** vanaf 13:15 - 15:00 in die saal geneem. **Betaling word kontant by die fotograaf gedoen.**

7. **ATLETIEK**

Sterkte aan ons span wat Saterdag, 15 Februarie aan die Interlaerbyeenkoms op die velde van Hoërskool Barberton in Barberton gaan deelneem. Daar is 7 skole betrokke by die byeenkoms en die busse vertrek om 04:00 die oggend.
Die atlete moet reeds 06:45 op die baan wees met die korrekte atletiekdrag aan. Die kaartjies vir die interlaer is by Retha te koop teen R20. Al die atlete betrokke by die bogenoemde byeenkoms het briefies ontvang.

8. **RUGBY EN NETBAL: OEFENTYE**

Die rugby- en netbalproewe en oefentye verskyn op die agterkant van die omsendbrief.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**